

MEDI-CLINIC

KORPORASIE BEPERK

Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika Reg. No. 1983/010725/06 Aandeelkode: MDC ISIN-kode: ZAE000074142 ("Medi-Clinic" of "die maatskappy")



MEDI-CLINIC

Privaat hospitaalgroep

**ONGEOUDITEERDE
TUSSENTYDSE
GROEPRESULTATE**

**vir die
ses maande geëindig
30 September 2009**

- **STERK DEFENSIEWE PRESTASIE DEUR DIE GROEP**
- **AL DRIE BEDRYFSPLATFORMS VERTOON STEWIG**
- **THE CITY HOSPITAL IN DUBAI OORTREF VERWAGTINGE**
- **BASIESE WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL STYG MET 15%**
- **TUSSENTYDSE DIVIDEND PER GEWONE AANDEEL STYG MET 6.5% TOT 23.0 SENT**

Gekonsolideerde verkorte INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/09 R'm	Styging %	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/08 R'm	Geouditeer Jaar tot 31/03/09 R'm
Inkomste	8 363	12	7 496	16 351
Koste van verkope	(4 831)		(4 236)	(9 262)
Administrasie- en ander bedryfskoste	(1 793)		(1 705)	(3 658)
Bedryfswins voor waardevermindering (EBITDA)	1 739	12	1 555	3 431
Waardevermindering	(353)		(300)	(684)
Bedryfswins	1 386	10	1 255	2 747
Inkomste vanaf geassosieerde	–		–	2
Finansieringsinkomste	28		33	67
Finansieringskoste	(779)		(724)	(1 602)
Wins voor belasting	635		564	1 214
Belasting	(258)		(230)	(502)
Wins vir die tydperk	377		334	712
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouders van die maatskappy	331		288	636
Minderheidsbelange	46		46	76
	377		334	712
Verdienste per gewone aandeel – sent				
– Basies	59.0	15	51.5	113.7
– Verwaterde	56.0		48.6	107.6
Wesensverdienste per gewone aandeel – sent				
– Basies	59.0	15	51.2	111.5
– Verwaterde	56.0		48.4	105.6
Verdienste rekonsiliasie:				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders	331		288	636
Wins met verkoop van eiendom, toerusting en voertuie	–		(1)	(12)
Wesensverdienste	331	15	287	624

Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/09 R'm	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/08 R'm	Geouditeer Jaar tot 31/03/09 R'm
Wins vir die tydperk	377	334	712
Ander omvattende uitgawes			
Wisselkoersomrekeningsverskille	(1 124)	(668)	339
Billikewaarde-aanpassings aan kontantvloeiwerskansings	1	(132)	(1 766)
Aktuariële winste en verliese	341	–	(245)
Ander omvattende uitgawe, na belasting	(782)	(800)	(1 672)
Totale omvattende uitgawe vir die tydperk	(405)	(466)	(960)
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouders van die maatskappy	(353)	(520)	(1 108)
Minderheidsbelange	(52)	54	148
	(405)	(466)	(960)

Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ongeouditeer 30/09/09 R'm	Ongeouditeer 30/09/08 R'm	Geouditeer 31/03/09 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates	34 425	35 112	38 982
Eiendom, toerusting en voertuie	28 759	29 265	32 479
Ontasbare bates	5 440	5 674	6 293
Beleggings – ongenoteerd	23	31	32
Uitgestelde inkomstebelastingbates	203	142	178
Bedryfsbates	4 345	4 036	4 892
Voorraad	484	452	496
Handels- en ander debiteure	2 775	2 689	3 371
Kontantmiddele	1 086	895	994
Inkomstebelastingbates	–	–	31
Totale bates	38 770	39 148	43 874
EKWITEIT EN AANSPEEKLIKHEDE			
Totale ekwiteit	7 333	8 595	7 989
Aandelekapitaal en reserwes	6 497	7 773	7 091
Minderheidsbelange	836	822	898
Totale laste	31 437	30 553	35 885
Langtermyn rentedraende skuld	21 391	21 847	24 349
Aftreevoordeelverpligtinge	456	662	997
Voorsienings	186	189	229
Afgeleide finansiële instrumente	2 209	655	2 512
Uitgestelde inkomstebelastingaanspreeklikhede	4 586	4 673	5 162
Korttermyn rentedraende skuld	364	280	241
Korttermyn rentevrye skuld	2 245	2 247	2 395
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	38 770	39 148	43 874
Aantal gewone aandele ('000)	561 878	558 695	560 316
Geweegde aantal gewone aandele ('000)	560 996	559 408	559 336
Verwaterde aantal gewone aandele ('000)	591 185	591 944	590 999
Netto batewaarde per gewone aandeel – sent	1 156	1 391	1 266
Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings (R'm)	23	31	32

Gekonsolideerde verkorte KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/09 R'm	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/08 R'm	Geouditeer Jaar tot 31/03/09 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteit	1 078	906	1 386
Kontant deur bedrywighede voortgebring	1 947	1 815	3 346
Netto finansieringskoste	(707)	(665)	(1 438)
Belasting betaal	(162)	(244)	(522)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteit	(578)	(687)	(1 380)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteit	(468)	(167)	125
Verdelings aan aandeelhouders	(251)	(224)	(339)
Verdelings aan minderhede	(39)	(38)	(54)
Beweging in skuld	(212)	142	547
Tesourie-aandele aangekoop	–	(55)	(29)
Kapitaalbydraes deur minderhede	26	–	–
Ander	8	8	–
Netto beweging in kontant en bankoortrekkings	32	52	131
Openingsaldo van kontant en bankoortrekkings	941	787	787
Wisselkoersfluktuasies op buitelandse kontant	(95)	(30)	23
Eindsaldo van kontant en bankoortrekkings	878	809	941
Kontant en kontantekwivalente	1 086	895	994
Bankoortrekkings	(208)	(86)	(53)
	878	809	941

Gekonsolideerde verkorte EKWITEITSTAAT

	Ongeouditeer 30/09/09 R'm	Ongeouditeer 30/09/08 R'm	Geouditeer 31/03/09 R'm
Openingsbalans	7 989	9 367	9 367
Beweging in aandele gehou in tesourie	8	(47)	(29)
Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe	3	4	7
Minderheidsbelange gekoop	2	(1)	(3)
Totale omvattende uitgawe vir die periode	(405)	(466)	(960)
Verdeel aan aandeelhouders	(251)	(224)	(339)
Verandering in aandeelhouding van filiale	27	–	–
Filiaal aandeeluitgiftekoste	(1)	–	–
Verdeel aan minderhede	(39)	(38)	(54)
Sluitingsbalans	7 333	8 595	7 989
Bestaan uit			
Aandelekapitaal	59	59	59
Aandelepremie	4 741	4 741	4 741
Tesourie-aandele	(318)	(344)	(326)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	119	113	116
Buitelandse valuta-reserwe	1 569	1 652	2 595
Verskansingsreserwe	(2 159)	(526)	(2 160)
Behoue inkomste	2 486	2 078	2 066
Aandeelhouersekwiteit	6 497	7 773	7 091
Minderheidsbelange	836	822	898
Totale ekwiteit	7 333	8 595	7 989

Gekonsolideerde verkorte SEGMENTVERSLAG

	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/09 R'm	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/09 R'm	R'm	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/09 R'm
	Hospitaal Dienste	Hospitaal Eiendomme	Aanpassings en uitskakelings	Totaal
Inkomste				
Suid-Afrika	3 802	340	(340)	3 802
Midde-Ooste	524	32	(32)	524
Switserland	4 037	670	(670)	4 037
EBITDA				
Suid-Afrika	484	329		813
Midde-Ooste	(2)	32		30
Switserland	240	656		896
Bedryfswins				
Suid-Afrika	386	329		715
Midde-Ooste	(41)	32		(9)
Switserland	90	590		680
Bates				
Suid-Afrika*	4 167	5 831	(4 567)	5 431
Midde-Ooste	911	793		1 704
Switserland	8 369	23 431		31 800
Laste				
Suid-Afrika	2 036	3 912	(770)	5 178
Midde-Ooste**	626	322		948
Switserland	2 264	23 216		25 480

* Sluit in segmentbates ter waarde van R165m wat op groepskonsolidasie geëlimineer word

** Sluit in segmentlaste ter waarde van R169m wat op groepskonsolidasie geëlimineer word

	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/08 R'm	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/08 R'm	R'm	Ongeouditeer 6 maande tot 30/09/08 R'm
Inkomste				
Suid-Afrika	3 357	301	(301)	3 357
Midde-Ooste	312			312
Switserland	3 827	646	(646)	3 827
EBITDA				
Suid-Afrika	423	292		715
Midde-Ooste	—			—
Switserland	229	611		840
Bedryfswins				
Suid-Afrika	339	292		631
Midde-Ooste	(16)			(16)
Switserland	92	548		640
Bates				
Suid-Afrika*	3 806	5 474	(4 446)	4 834
Midde-Ooste	945	876		1 821
Switserland	8 530	24 147		32 677
Laste				
Suid-Afrika	1 969	3 513	(700)	4 782
Midde-Ooste**	622	329		951
Switserland	2 396	22 613		25 009

* Sluit in segmentbates ter waarde van R184m wat op groepskonsolidasie geëlimineer word

** Sluit in segmentlaste ter waarde van R189m wat op groepskonsolidasie geëlimineer word

Gekonsolideerde verkorte SEGMENTVERSLAG

	Geouditeer Jaar tot 31/03/09 R'm	Geouditeer Jaar tot 31/03/09 R'm	R'm	Geouditeer Jaar tot 31/03/09 R'm
	Hospitaal Dienste	Hospitaal Eiendomme	Aanpassings en uitskakelings	Totaal
Inkomste				
Suider-Afrika	6 792	611	(611)	6 792
Midde-Ooste	822	29	(29)	822
Switserland	8 737	1 408	(1 408)	8 737
EBITDA				
Suider-Afrika	865	593		1 458
Midde-Ooste	(17)	29		12
Switserland	646	1 315		1 961
Bedryfswins				
Suider-Afrika	688	593		1 281
Midde-Ooste	(70)	29		(41)
Switserland	333	1 174		1 507
Bates				
Suider-Afrika*	4 150	5 484	(4 328)	5 306
Midde-Ooste	1 217	1 013		2 230
Switserland	9 720	26 835		36 555
Laste				
Suider-Afrika	2 366	3 463	(700)	5 129
Midde-Ooste**	827	457		1 284
Switserland	2 747	26 936		29 683

* Sluit in segmentbates ter waarde van R217m wat op groepskonsolidasie geëlimineer word

** Sluit in segmentlaste ter waarde van R211m wat op groepskonsolidasie geëlimineer word

ANDER FINANSIËLE INLIGTING

	Ongeouditeer 30/09/09 R'm	Ongeouditeer 30/09/08 R'm	Geouditeer 31/03/09 R'm
Kapitaalverpligtinge			
Suider-Afrika	645	606	786
Midde-Ooste	21	32	14
Switserland	134	235	226
Wisselkoerse	R	R	R
Gemiddelde Switserse frank (ZAR/CHF)	7.48	7.40	8.01
Sluitings Switserse frank (ZAR/CHF)	7.23	7.50	8.32
Gemiddelde VAE dirham (ZAR/AED)	2.21	2.12	2.41
Sluitings VAE dirham (ZAR/AED)	2.02	2.25	2.58

KOMMENTAAR

Ons rapporteer graag dat die Groep steeds sy bestendige groeipatroon gehandhaaf het.

GROEPOORSIG

Groep finansiële prestasie

Bedryfsresultate

Groepinkomste het met 12% tot R8 363 miljoen (2008: R7 496 miljoen) gegroei vir die ses maande onder oorsig. Bedryfsinkomste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie ("EBITDA") was 12% hoër op R1 739 miljoen (2008: R1 555 miljoen). Wesensverdienste het met 15% tot R331 miljoen (2008: R287 miljoen) gestyg. Basiese wesenverdienste per gewone aandeel het met 15% tot 59.0 sent (2008: 51.2 sent) gestyg.

Soos aangedui in die 2009 Jaarverslag, sal die Groep in die toekoms 'n dividenddekking van drie keer gebaseer op die Groep se wesenverdienste nastreef. Die dividend van 23.0 sent (2008: 21.6 sent) per aandeel weerspieël 'n toename van 6.5%, wat laer is as die toename in basiese wesenverdienste per aandeel.

Die sterk Groepresultate is ondanks die wêreldwye resessie en strawwe ekonomiese toestande behaal. Verder is die resultate des te meer bevredigend as die negatiewe impak van 'n aantal kwessies op die huidige oorsigperiode in ag geneem word. Vanjaar was die Paasvakansie in April, terwyl dit verlede jaar in Maart was. Dit het 'n wesenlike vermindering van die getal besigheidsdae in hierdie oorsigperiode teenoor die vorige periode meegebring, wat 'n uitwerking gehad het op die resultate van beide die Switserse en Suider-Afrikaanse bedrywighe. Die Switserse rentekoste is ook sowat R21.7 miljoen (CHF2.9 miljoen) hoër op 'n vergelykbare grondslag, aangesien Barclays Capital verlede jaar finaal hul marge vasgepen het, wat gelei het tot 'n verhoging in die rentekoers op die Groep se Switserse skuld van 5.27% tot 5.62% vanaf 1 Augustus 2008. Hierbenewens het die aanvangsverliese van The City Hospital, wat in Oktober 2008 geopen het, gedurende hierdie oorsigperiode voortgeduur soos verwag is, met 'n relatief gesproke heelwat kleiner impak in die vergelykende oorsigperiode.

Wisselkoersskommeling het op 'n vergelykende grondslag 'n betreklik geringe positiewe uitwerking op die bedryfsresultate gehad, soos hieronder bespreek word.

Finansieringskoste

Ingesluit by die finansieringskoste is 'n bedrag van R38 miljoen (2008: R30 miljoen), wat die huidige periode se amortisasie verteenwoordig ten opsigte van verkrygingsfooie wat op die Groep se plaaslike en buitelandse skuld betaal is. Hierdie bedrae word oor die termyn van die betrokke lenings geamortiseer in ooreenstemming met toekomstige kontantbetalings soos voorgeskryf in IAS 39 Finansiële Instrumente.

Kontantvloei

Die Groep het gesonde kontantvloei gehandhaaf, hoofsaaklik danksy doeltreffende bestuur van bedryfskapitaal. Die Groep het 112% (2008: 117%) van EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighe voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R994 miljoen op 31 Maart 2009 gestyg tot R1 086 miljoen op 30 September 2009.

Rentedraende lenings

Rentedraende lenings ("skuld") het van R24 590 miljoen op 31 Maart 2009 gedaal tot R21 755 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van die verstewiging van die Rand teenoor die Switserse Frank gedurende die oorsigperiode, waarna hierbo verwys is. Dit is belangrik om daarop te let dat die buitelandse skuld in Switserland en die Midde-Ooste, ten bedrae van R17 933 miljoen, verteenwoordig word deur buitelandse bates in dieselfde geldeenhede. Die buitelandse skuld het ook geen verhaalsreg op Suider-Afrikaanse bedryfsbates nie, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank asook toepaslike finansieringsreëlings.

Wisselkoerse

Die Rand het gedurende die oorsigperiode 'n mate van onbestendigheid vertoon teenoor die Switserse Frank en die Amerikaanse Dollar (waarteen die VAE-Dirham vasgepen is op AED3.675 teenoor die Amerikaanse Dollar). Die sigkoers van die CHF het van R8.32 op 31 Maart 2009 beweeg na R7.23 op 30 September 2009, met 'n gemiddelde koers van R7.48 vir die oorsigperiode (2008: R7.40). Die sigkoers van die AED het van R2.58 op 31 Maart 2009 beweeg na R2.02 op 30 September 2009, met 'n gemiddelde koers van R2.21 (2008: R2.12) vir die oorsigperiode. Ooreenkomstig rekeningkundige konvensie word die buitelandse balansstate teen sigkoers omgerek, terwyl die bedryfsresultate in

die buitelandse inkomstestate teen die gemiddelde koers omgerek word. Die verhoudings tussen die balansstaat en die inkomstestate wanneer dit in Rand bereken word, word weens die verskil tussen die sigkoers en die gemiddelde buitelandse koers nie korrek weerspieël nie. Die sigkoers behoort dus ook gebruik te word vir die omsetting van EBITDA om die werklike verhouding te verkry.

Vergeleke met die vorige oorsigperiode het die gemiddelde wisselkoerse 'n betreklik klein invloed op die Groep se bedryfsresultate gehad, maar 'n beduidende invloed op die Groep se balansstaat, as gevolg van die sterk beweging (met betrekking tot Randsterkte) van die sigkoers waarna hierbo verwys is.

Die gevolglike wisselkoers-omrekeningsverskil, synde die bedrag waarmee die Groep se belang in die ekwiteit van die twee buitelandse platforms as gevolg van die beweging in die sigkoers afgeneem het, het R1 124 miljoen (2008: R668 miljoen) beloop en is teen die staat van omvattende inkomste gedebiteer.

IFRS en tegniese aangeleenthede

Aanpassing van die balansstaat van 30 September 2008

Soos voorheen gerapporteer, het die finalisering van die voorlopige koopprystoekening ten opsigte van die Hirslanden-verkryging aanpassings van die vorige jaar se balansstaat tot gevolg gehad. Hierdie aanpassings het die volgende uitwerking op die balansstaat van 30 September 2008 gehad:

	Soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	Soos aangepas
Ontasbare bates	R5 652m	R22m	R5 674m
Aandelekapitaal en reserwes	R8 093m	(R320m)	R7 773m
Uitgestelde inkomstebelasting-aanspreeklikhede	R4 772m	(R99m)	R4 673m
Aftreevoordeelverpligtinge	R200m	R462m	R662m
Korttermyn rentevrye lenings	R2 268m	(R21m)	R2 247m

Billike waarde van Switserse verpligtinge

Die Groep bestuur sy blootstelling aan rentekoerse deur van tyd tot tyd vasterenteveranskingskontrakte aan te gaan. Die basisrentekoers ten opsigte van die Barclays Bank plc-fasiliteit van CHF2 450 miljoen wat in die verkryging van Hirslanden gebruik is, is ten tyde van die transaksie vir tien jaar vasgemaak. Die fasiliteit het 'n vaste termyn van sewe jaar, met 'n vaste rentekoers van 5.62% vir die hele tydperk.

IAS 39 vereis dat afgeleide finansiële instrumente teen billike waarde gemeet word, wat deur middel van verdiskonteerde kontantvloei-ontledings deur die Groep bepaal is deur heersende en verwagte rentekoerse te gebruik. Daarenteen moet lenings ook teen billike waarde erken word, met ander woorde teen geamortiseerde koste, wat in werklikheid teen sigwaarde is.

Die wêreldwye finansiële krisis het onder meer twee duidelike gevolge vir die koste van derdeparty-befondsing ingehou. Eerstens het kort- en langtermynrentekoerse beduidend gedaal weens die verslapping van monetêre beleid deur sentrale banke. Tweedens het kredietmarges ten opsigte van befondsing aansienlik verhoog weens die gebrek aan likiditeit en die laer risiko-aptit van derdeparty-befondersers.

Weens die laer rentekoerse is die Switserse rentekoersverskansing teen sy billike waarde erken as 'n verpligting van R288 miljoen, ingesluit onder "Afgeleide finansiële instrumente" in die Groep se balansstaat. Die Barclays-fasiliteit word egter teen sy geamortiseerde koste (sigwaarde) erken, wat nie die lae totale koste van befondsing van 5.62% beskikbaar tot Oktober 2014 erken nie. Heersende markkoerse, indien befondsing enigsins beskikbaar is, sou konserwatief gesproke tussen heelwat hoër rentekoerse wissel. Gevolglik word die Groep se lenings ten opsigte van die Barclays-fasiliteit te hoog weerspieël teen geamortiseerde koste, vergeleke met sou die lening behoorlik gewaardeer gewees het. Deur slegs die verskansing te waardeer, word slegs een gedeelte van die Groep se lenings teen sigwaarde gewaardeer. Dus word die Groep se totale lenings oorgestateer. Hierdie situasie word vererger deur die feit dat die billike waarde-verpligting wat ten opsigte van die verskansing erken word, nie vir die Groep as 'n lopende saak 'n werklike verpligting is nie – 'n fundamentele uitgangspunt waarop die samestelling van die tussentydse finansiële state berus. Die verpligting wat met die verskansing geassosieer word, sal met verloop van tyd verdwyn. Intussen sal die billike waarde beïnvloed word deur relatiewe rentekoersskommeling wat nie onder die Groep se beheer is nie – juis die rede waarom die verskansing aangegaan is.

Dit geld natuurlik ook vir die Suider-Afrikaanse lenings waarvan rentekoerse verskans is, maar met 'n baie kleiner wesenlike impak.

Switserse pensioenverpligting

Hirslanden verskaf vastebydrae-pensioenplanne kragtens die Switserse reg aan werknemers en die bates van hierdie planne word in afsonderlike fondse gehou wat deur trustees bestuur word. Hierdie planne word deur betalings van werknemers en Hirslanden befonds, met inagneming van die aanbevelings van onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse. Weens die streng omskrywing van vastebydraeplanne in IAS 19, word hierdie planne vir IFRS-doeleindes as vastevoordeelplanne geklassifiseer, aangesien die fondse kragtens Switserse reg verplig is om 'n deel van die beleggings- en langlewendheidsrisiko te dra.

Ooreenkomstig IAS 34 is die IAS 19-pensioenaanspreeklikheid herbereken vir die oorsigperiode en het dit R198 miljoen (CHF27 miljoen) (31 Maart 2009: R765 miljoen (CHF92 miljoen)) bedra. Dit is onder "Aftreevoordeelverpligtinge" in die Groep se balansstaat ingesluit. Vir Switserse statutêre doeleindes was die pensioenfondse se befondingsvlakke egter 101% op 30 September 2009. Uit 'n ekonomiese en regsoogpunt lei hierdie bedrag soos bereken ooreenkomstig IAS 19 dus nie tot 'n aanspreeklikheid vir Hirslanden op 30 September 2009 nie. In hierdie opsig word die Groep se aanspreeklikhede met 'n verdere bedrag van R198 miljoen oorgestateer.

Die laer herberekende pensioenaanspreeklikheid het daartoe gelei dat die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste met 'n bedrag van R341 miljoen (CHF47 miljoen) gekrediteer is vir die huidige oorsigperiode. Verder is die gekonsolideerde inkomtestaat gekrediteer met 'n bedrag van R28 miljoen (CHF3.7 miljoen), wat die werkgewer se bydraes bo die huidige dienskosse verteenwoordig.

BEDRYGWIGHEDE IN SUIDER-AFRIKA

MEDI-CLINIC SUIDER-AFRIKA

Finansiële oorsig

Die Suider-Afrikaanse groepinkomste het met 13% tot R3 802 miljoen (2008: R3 357 miljoen) gedurende die oorsigperiode toegeneem. EBITDA was 14% hoër op R813 miljoen (2008: R715 miljoen).

Nadat waardeverminderingskosse van R98 miljoen (2008: R85 miljoen), netto finansieringskosse van R163 miljoen (2008: R161 miljoen) en belasting van R165 miljoen (2008: R144 miljoen) in ag geneem is, en die belang van minderheidsaandeelhouers in die toeskryfbare inkomste van die Suider-Afrikaanse groep ten bedrae van R66 miljoen (2008: R57 miljoen) afgetrek is, het die Suider-Afrikaanse bedrywighede R321 miljoen (2008: R268 miljoen) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Hierdie resultate is behaal ondanks verwagte laer volumes in April 2009 vanweë die Paasvakansiedae en die nasionale verkiesing, wat nie in die vergelykende periode voorgekom het nie en 'n geraamde negatiewe uitwerking van R16 miljoen op EBITDA gehad het.

Bedryfsorsig

Die inkomstegroei van 13% is behaal deur 'n toename van 2.4% in beddae verkoop en 'n styging van 12.4% in die gemiddelde inkomste per beddag. Die toename in gebruik was meer in mediese as in chirurgiese gevalle sigbaar. Die styging in die gemiddelde inkomste per beddag was te danke aan sterk verhogings in die pryse van protese asook medisyne en geskeduleerde medikasie (die Departement van Gesondheid se Prysbepalingskomitee het aan die begin van die jaar 'n maksimum verhoging van 13.2% op die enkelafsetprys van hierdie middels goedgekeur). Die verandering in die profiel van pasiënte wat behandel is, was verantwoordelik vir 'n daling van 1.8% in inkomste gedurende die oorsigperiode. Die daling is toe te skryf aan eenmalige gebeurtenisse in die hartafdelings waar sekere van die senior hartspesialiste afgetree het en ander, by die Medi-Clinic Harthospitaal in Pretoria, na 'n mededingerhospitaal geskuif het toe die groep nie sy weg oopgesien het om aan hul finansiële eise te voldoen nie. Die praktyke van die dokters wat hulle vervang het, toon bestendige groei. Die getal pasiënte wat toegelaat is, het met 1.3% gestyg terwyl die gemiddelde lengte van verblyf met 1.0% toegeneem het.

Die Suider-Afrikaanse groepbedrywighede het hul EBITDA-marge van 21.3% tot 21.4% verhoog, ondanks die verhoging in die pryse van protese en geskeduleerde medikasie.

Gedurende die oorsigperiode het die Suider-Afrikaanse bedrywighede R147 miljoen (2008: R150 miljoen) bestee aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid te verbeter, asook R111 miljoen (2008: R101 miljoen) aan die

vervanging van bestaande toerusting. Verder is R107 miljoen (2008: R109 miljoen) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word R308 miljoen begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid te verbeter, R197 miljoen word vir die vervanging van bestaande toerusting begroot, en R223 miljoen vir herstelwerk en onderhoud. Verhoogde EBITDA voortspruitend uit kapitaalprojekte wat reeds in aanvang is of goedgekeur is, behoort in 2010 en 2011 onderskeidelik R8 miljoen en R47 miljoen te bedra.

Die getal hospitaalbeddens het gedurende die ses maande onder oorsig van 6 855 tot 6 859 toegeneem.

Die nuwe Cape Gate Medi-Clinic (140 beddens) in die Wes-Kaap behoort na verwagting in Februarie 2010 in bedryf gestel te word. Uitgebreide opknappingsprojekte is aan die gang by Panorama Medi-Clinic en Constantiaberg Medi-Clinic, wat onderskeidelik teen November 2010 en Mei 2010 voltooi behoort te word. Die opgraderingsprojek by Hermanus Medi-Clinic, wat die byvoeging van 25 beddens insluit, behoort gedurende Maart 2010 voltooi te wees. Ander groot projekte wat volgens beplanning teen die einde van die kalenderjaar behoort te begin, is die byvoeging van 74 beddens by Nelspruit Medi-Clinic, 30 beddens by Limpopo Medi-Clinic en 28 beddens by Tzaneen Medi-Clinic. Die projek by Tzaneen Medi-Clinic behoort teen Junie 2010 voltooi te wees, terwyl die inbedryfstelling van die projekte by Nelspruit Medi-Clinic en Limpopo Medi-Clinic vir die 2012 finansiële jaar beplan word.

Die getal beddens sal in die volgende ses maande na verwagting van 6 859 tot 7 028 toeneem.

Gesonde kontantvloei is in die oorsigperiode deur die Suider-Afrikaanse bedrywighede gehandhaaf. 111% (2008: 117%) van EBITDA is in kontant omskep wat deur bedrywighede voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R368 miljoen op 31 Maart 2009 gestyg tot R392 miljoen op 30 September 2009.

Skuld het gedaal van R3 867 miljoen op 31 Maart 2009 tot R3 821 miljoen op 30 September 2009.

Medi-Clinic ondersteun die regering se beleidsoogmerke om toegang tot kwaliteit gesondheidsorg vir alle burgers uit te brei. Die proses om 'n Nasionale Gesondheidsversekeringstelsel vir Suid-Afrika te ontwikkel, gaan voort en ons verwelkom die inisiatief wat die Minister van Gesondheid geneem het om 'n Ministeriële Advieskomitee met verskeie belanghebbende partye saam te stel om met die proses te help. Die vrystelling van 'n amptelike beleidsdokument hieroor word nog afgewag. Intussen is Medi-Clinic besig met grondige navorsing oor hierdie saak en sien uit na die deel van idees oor die ontwikkeling van 'n oplossing vir Suid-Afrika.

Soos voorheen gerapporteer, gaan die proses vir 'n Verwysingspryslys voort om 'n metode en raamwerk vir die berekening van riglyntariewe daar te stel. Die privaathospitaalbedryf en die Nasionale Departement van Gesondheid ("die Departement") kon nog nie daarin slaag om ooreenstemming oor die metode te bereik nie. Dit het aanleiding gegee tot 'n regsgeval tussen die Hospitaalvereniging van Suid-Afrika en die Departement. Die saak sal in Februarie 2010 in die hof dien. Intussen is die Departement verbied om die Verwysingspryslys vir 2010 te publiseer.

BEDRYWIGHED E IN SWITSERLAND

HIRSLANDEN

Finansiële oorsig

Hirslanden se inkomste het met 5% (4% teen konstante wisselkoerse) tot R4 037 miljoen (CHF540 miljoen) (2008: R3 827 (CHF517 miljoen)) gestyg oor die ses maande onder oorsig. EBITDA was 7% (6% teen konstante wisselkoerse) hoër op R896 miljoen (CHF120 miljoen) (2008: R840 miljoen (CHF114 miljoen)).

Nadat waardevermindering van R217 miljoen (CHF29 miljoen) (2008: R200 miljoen (CHF27 miljoen)), netto finansieringskoste van R558 miljoen (CHF75 miljoen) (2008: R523 miljoen (CHF71 miljoen)) en belasting van R92 miljoen (CHF12 miljoen) (2008: R87 miljoen (CHF12 miljoen)) in ag geneem is, het Hirslanden R29 miljoen (CHF3.9 miljoen) (2008: R31 miljoen (CHF4.2 miljoen)) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Laer volumes in April 2009, wat verwag is vanweë die Paasvakansiedae wat nie in die vergelykende periode voorgekom het nie, het 'n geraamde negatiewe uitwerking van R22 miljoen (CHF3 miljoen) op EBITDA-vlak gehad. Die Switserse rentekoste is sowat R21.7 miljoen (CHF2.9 miljoen) hoër op 'n vergelykbare grondslag, omdat Barclays Capital verlede jaar finaal hul marge vasgepen het, met 'n verhoging in die rentekoers op die Groep se Switserse skuld van 5.27% tot 5.62% vanaf 1 Augustus 2008.

Bedryfsvoorsig

Die opname van binne-pasiënte het gedurende die oorsigperiode effens met 1.8% gedaal. Die gemiddelde lengte van verblyf het redelik konstant gebly. Die tendens ten opsigte van toelatings was dat minder akute gevalle afgeneem het, terwyl meer akute gevalle toegeneem het. Dit het gelei tot 'n styging in die gemiddelde inkomste per toelating. Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat Switserse pasiënte kleiner, elektiewe operasies in die onseker ekonomiese klimaat uitstel. Wat ook in ag geneem moet word, is dat die huidige oorsigperiode die laer seisoensvloei van pasiënte gedurende die Europese somer weerspieël, in vergelyking met die winter van November tot Januarie, met 'n sterker vloei van pasiënte.

Die EBITDA-marge van die groep het van 21.9% tot 22.2% gestyg.

Gedurende die oorsigperiode het Hirslanden R124 miljoen (CHF17 miljoen) (2008: R108 miljoen (CHF15 miljoen)) aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting bestee om die besigheid te verbeter, asook R186 miljoen (CHF25 miljoen) (2008: R133 miljoen (CHF18 miljoen)) aan die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R111 miljoen (CHF15 miljoen) (2008: R99 miljoen (CHF13 miljoen)) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word CHF42 miljoen begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid te verbeter, CHF58 miljoen vir die vervanging van bestaande toerusting, en CHF31 miljoen vir herstelwerk en onderhoud. Verhoogde EBITDA voortspruitend uit kapitaalprojekte wat reeds in aanvang of goedgekeur is, behoort in 2010 en 2011 onderskeidelik CHF11 miljoen en CHF21 miljoen te bedra.

Die uitgebreide urologiesentrum by Klinik Hirslanden is op 1 November 2009 in bedryf gestel. 'n Neurologiesentrum en vasculêre sentrum sal onderskeidelik met ingang van April 2010 en Junie 2010 by Klinik Hirslanden gevestig word. Beoogde investering in nuwe tegnologie, wat vir nuwe behandelingsopsies en meer gevalle voorsiening maak, sluit 'n 3.0 tesla MR-masjien by Klinik Im Park asook 'n dubbelbron-CT-skandeerder en kateteriseringslaboratorium by Klinik Beau-Site in.

Die getal hospitaalbeddens wat ten volle in bedryf is, het gedurende die ses maande onder oorsig van 1 334 tot 1 337 gestyg, met die byvoeging van drie beddens by Klinik St. Anna.

Hierbenewens is projekte vir die verhoging van kapasiteit by Klinik Aarau (28 binne-pasiëntbeddens), Klinik Im Park (twee hoërsorg-beddens, vier tussensorg-beddens en 'n operasietheater) en Klinik St. Anna (sewe nuwe private kamers) goedgekeur om vroeg in 2010 en in die geval van die operasietheater laat in 2010 in bedryf gestel te word. Klinik Beau-Site in Bern sal met 23 beddens na 116 beddens uitgebrei word, met 19 beddens wat in 2011 in gebruik gestel word en die res in 2012. Verder sal die hospitaal uitgebreide opknapping ondergaan en spreekkamers sal bygevoeg word. In die huidige finansiële jaar sal die totale gemiddelde getal beddens na verwagting effens toeneem tot 1 345 (drie by Klinik St. Anna; vyf by Klinik Aarau; drie by Klinik Cecil). Vatbaarheidstudies word tans gedoen oor die uitbreiding van Klinik Hirslanden (ongeveer 50 beddens) en Klinik St. Anna (ongeveer 30 beddens) asook die oprigting van 'n skeletradiologie- en radioterapiesentrum by Klinik Bois-Cerf.

Hirslanden het gedurende die oorsigperiode sterk kontantvloei gelewer. 117% (2008: 122%) van EBITDA is in kontant omskep wat deur bedrywighede voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R504 miljoen (CHF61 miljoen) op 31 Maart 2009 gestyg tot R625 miljoen (CHF86 miljoen) op 30 September 2009.

Rentedraende skuld het van R19 949 miljoen (CHF2 398 miljoen) op 31 Maart 2009 gedaal tot R17 367 miljoen (CHF2 402 miljoen) op 30 September 2009, na aftrekking van gekapitaliseerde skuldtransaksiegelde in Randterme, as gevolg van die daling in die sigkoers van die Rand/Switserse Frank-wisselkoers.

Die Switserse Federale Regering het met ingang van 1 Januarie 2009 'n gedeeltelike hersiening van die verpligte gesondheidsversekering met betrekking tot hospitaalbeplanning en finansiering goedgekeur. Die nuwe wetgewing sal vanaf 1 Januarie 2012 deur elke kanton in werking gestel moet word, en die mikpunt is om alle elemente teen 1 Januarie 2015 in plek te hê. Weens die kompleksiteit en uiteenlopendheid van die implementering op kantonvlak, is bestuur in oorleg met 'n deskundige paneel besig met 'n deeglike ontleding van die moontlike impak en geleenthede wat die voorgestelde veranderings vir Hirslanden se besigheid inhou.

BEDRYGWIGHEDE IN DIE VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

EMIRATES HEALTHCARE

Finansiële oorsig

Inkomste het met 68% (62% teen konstante wisselkoerse) tot R524 miljoen (AED237 miljoen) (2008: R312 miljoen (AED147 miljoen)) toegeneem oor die ses maande onder oorsig. EBITDA het tot R30 miljoen (AED14 miljoen) (2008: RNul (AEDNul)) gestyg, ondanks voortgesette aanvangsverliese by The City Hospital soos gedurende hierdie oorsigperiode verwag is en in vorige verslae aangedui is.

Gevolgtik het die EBITDA-marge vanaf 'n gelykbreekposisie gestyg tot 5.7%.

Nadat waardevermindering van R39 miljoen (AED18 miljoen) (2008: R15 miljoen (AED7 miljoen)), netto finansieringskoste van R30 miljoen (AED13 miljoen) (2008: R6 miljoen (AED3 miljoen)) en die deling van minderheidsaandeelhouders in die toeskryfbare verlies van Emirates Healthcare ten bedrae van R20 miljoen (AED9 miljoen) (2008: deling in die toeskryfbare verlies van R10 miljoen (AED5 miljoen)) in ag geneem is, het Emirates Healthcare 'n negatiewe bydrae van R19 miljoen (AED9 miljoen) (2008: 'n negatiewe bydrae van R11 miljoen (AED5 miljoen)) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep gelewer.

Bedryfsvoorsig

Die inkomste van eenhede wat ten volle in bedryf is, naamlik die Welcare Hospital, die Emirates Diagnostic Clinic, die Welcare Ambulatory Care Centre, Welcare Qusais Clinic en Welcare Mirdiff Clinic, het met 16% (12% teen konstante wisselkoerse) gestyg tot R362 miljoen (AED164 miljoen) (2008: R312 miljoen (AED147 miljoen)). EBITDA het met 11% (6% teen konstante wisselkoerse) toegeneem tot R40 miljoen (AED18 miljoen) (2008: R36 miljoen (AED17 miljoen)).

Die aanvangsbedrywighede, naamlik The City Hospital en EHL Management Services, het inkomste van R163 miljoen (AED74 miljoen) (2008: RNul (AEDNul)) gegenereer, maar op EBITDA-vlak ook aanvangsbedryfsverliese van R10 miljoen (AED4 miljoen) (2008: R36 miljoen (AED17 miljoen)) gegenereer soos verwag is.

The City Hospital is op 15 Oktober 2008 met welslae in bedryf gestel. Dit is verblydend om te kan rapporteer dat dit sedertdien elke maand 'n toename in pasiëntvolumes en inkomste getoon het teenoor dié van vorige maande. Die pasiëntvolumes ná die somervakansie en Ramadan was besonder bevredigend. Die hospitaal het gedurende September 2009 'n gelykbreekpunt op EBITDA-vlak bereik, vroeër as wat verwag is.

'n Projek om die Welcare Hospital op te gradeer het in September begin. Addisionele kapasiteit sal in die dagsorg- en neonatale eenhede geskep word. Die getal beddens in die hospitaal sal van 120 tot 130 toeneem. Verskeie ander knelpunte in die hospitaal sal ook tydens die projek aandag kry. Verhoogde EBITDA voortspruitend uit hierdie projek behoort AED5 miljoen per jaar te bedra.

Gedurende die oorsigperiode het Emirates Healthcare R6 miljoen (AED3 miljoen) (2008: R187 miljoen (AED88 miljoen)) aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting bestee om die besigheid te verbeter, asook R5 miljoen (AED2 miljoen) (2008: R7 miljoen (AED3 miljoen)) aan die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R6 miljoen (AED3 miljoen) (2008: R6 miljoen (AED3 miljoen)) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is.

In ooreenstemming met die aanvangsverliese waarna hierbo verwys is, het Emirates Healthcare kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite voor bedryfskapitaalveranderinge van R30 miljoen (AED14 miljoen) gegenereer, terwyl die belegging in bedryfskapitaal (hoofsaaklik bedryfskapitaal vir The City Hospital) nog R46 miljoen (AED21 miljoen) geveerg het. Dit het gelei tot 'n kontantuitvloei uit bedrywighede van R16 miljoen (AED7 miljoen). Kontant en kontantekwivalente het van R122 miljoen (AED47 miljoen) op 31 Maart 2009 afgeneem tot R68 miljoen (AED34 miljoen) op 30 September 2009.

Emirates Healthcare het onlangs 'n regte-uitgifte van AED31 miljoen voltooi om die addisionele kapitaalvereistes te befonds.

Skuld het van R774 miljoen (AED300 miljoen) op 31 Maart 2009 afgeneem tot R566 miljoen (AED280 miljoen) op 30 September 2009.

VOORUITSIGTE

Die Groep is uniek geposisioneer oor drie uiteenlopende internasionale bedryfsplatforms. Die fokus van die Groep bly op sy kernbesigheid, naamlik akute sorg- en spesialisgeoriënteerde hospitaaldienste, om sy visie te verwesenlik om deur pasiënte, dokters en gesondheidsorgbeponders beskou te word as die bes vertroude en mees gerespekteerde verskaffer van sulke dienste. Die Groep is besig om sy kollektiewe intellektuele kapitaal en kragte te konsolideer met die doel om 'n internasionale hospitaalgroep te vestig waar verifieerbare, kostedoeltreffende gehaltesorg hom van sy mededingers sal onderskei.

Beduidende bronne word steeds oor al drie bedryfsplatforms belê.

Reguleringskwessies is onlosmaaklik deel van die gesondheidsorgmilieu. Veral in Switserland en Suider-Afrika monitor die Groep deurentyd die regulatoriese omgewing, met die doel om 'n proaktiewe rol in die besluitnemingsproses te speel of om by 'n potensiele nuwe omgewing aan te pas. Met die oog hierop is gesondheidsbeleidmoniteringseenhede by die platforms tot stand gebring.

Die Groep het tot dusver die wêreldwye resessie taamlik goed trotseer. Hoewel dit lyk of die ergste verby is, sal die tyd leer hoe die ekonomiese herstel, en veral werkloosheid, afloop. Al kan die toekoms nooit duidelik voorspel word nie, bly die Groep optimisties oor sy bedryfsvooruitsigte vir die ses maande.

VERANDERINGE AAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Soos voorheen gerapporteer, sal Mnr Louis Alberts gedurende die eerste kwartaal van 2010 as die Groep se Hoof Uitvoerende Beampte aftree. Hy sal opgevolg word deur Mnr Danie Meintjes, wie reeds sedert 1985 by die Groep in diens is en tans dien as die Hoof Uitvoerende Beampte van Emirates Healthcare, die Groep se bedryfsplatform in die Verenigde Arabiese Emirate.

GRONDSLAG VAN VOORBEREIDING

Hierdie tussentydse finansiële state is opgestel ooreenkomstig die erkennings- en metingsvereistes van IFRS en die openbaarmakingsvereistes van IAS 34. Die tussentydse finansiële state sluit rekeningkundige beleid in wat strook met die beleid wat in vorige jare aanvaar is, met die uitsondering van die hersiene IAS 1 Aanbieding van Finansiële State, wat op 1 April 2009 vir die eerste keer in werking getree het. Die toepassing van hierdie wysiging op IFRS het nie die Groep se finansiële resultate beïnvloed nie, maar het sekere veranderinge aan die aanbieding van die finansiële state meegebring.

Die Groep het uitgawes ten bedrae van R131 miljoen wat voorheen by "Koste van verkope" ingesluit is, as "Administrasie- en ander bedryfskoste" herklassifiseer. Die herklassifikasie het geen uitwerking op verdienste of EBITDA gehad nie.

DIVIDEND AAN AANDEELHOUERS

Die raad van direkteure het 'n tussentydse dividend van 23.0 sent per gewone aandeel verklaar.

Die volgende datums is ooreenkomstig STRATE se vereistes van toepassing:

Laaste datum vir verhandeling cum dividend	Vrydag 4 Desember 2009
Eerste datum vir verhandeling ex dividend	Maandag 7 Desember 2009
Rekorddatum	Vrydag 11 Desember 2009
Betaaldatum	Maandag 14 Desember 2009

Aandeesertifikate mag nie vanaf Maandag 7 Desember 2009 tot Vrydag 11 Desember 2009, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of hermaterialeer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure:

E DE LA H HERTZOG
Voorsitter

LJ ALBERTS
Hoof Uitvoerende Beampte

Stellenbosch
10 November 2009

DIREKTEURE: E de la H Hertzog (Voorsitter), L J Alberts (Hoof Uitvoerende Beampte), J C Cohen*, M K Makaba, Z P Manase, A R Martin, D P Meintjes, K H S Pretorius, A A Raath, M A Ramphele, D K Smith, J G Swiegers, W L van der Merwe, M H Visser, T O Wiesinger^Δ

* Brits ^Δ Duits

SEKRETARIS: G C Hattingh

GEREGISTREERDE ADRES: Medi-Clinic Kantore, Strandstraat, Stellenbosch 7600 Posbus 456, Stellenbosch 7599
Tel 021 809 6500 Faks 021 886 4037

BORG: Rand Aksepbank ('n Divisie van FirstRand Bank Beperk)

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
Posbus 61051, Marshalltown 2107 Tel 011 370 7700 Faks 011 688 7716